



| | | | |
|----------|-----------------------------------|--|--|
| SUBJECT: | AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL | | |
|----------|-----------------------------------|--|--|

| | | | |
|--------|----|--------|---|
| GRADE: | 12 | PAPER: | 1 |
|--------|----|--------|---|

| | | | |
|----------------------|---------------|-----------|----------|
| DATE OF EXAMINATION: | NOVEMBER 2008 | DURATION: | 21/2 UUR |
|----------------------|---------------|-----------|----------|

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE OF THE CANDIDATES

Give a detailed account of how the candidates performed in each question. In doing this, the following steps should be followed:

- 1.1 The aim/objective for setting the question (what skills, knowledge, values and attitudes were being tested by asking the question)
- 1.2 Relevance or relation of the question to the LOs and ASs.
- 1.3 How did the candidates perform in the question?
- 1.4 Where and how did candidates lack or fail in giving an appropriate answer to score high marks in the question?

QUESTION 1

Leesbegrip – ‘n tydskrifartikel

Let op die volgende:

- 1.3, 1.7 en 1.12 – **EEN woord** is EEN woord (nie ‘n paar woorde nie!)
1.4.2 – as hulle ‘n woord moet aanhaal, moet dit in “ “ wees.

QUESTION 2

Strokiesprent: Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate het hoogstens ‘n punt verdien vir hulle antwoord by 2.5.1, waar hulle Ja of Nee kon antwoord, sonder enige motivering by 2.5.2.

QUESTION 3

Advertensie: Hier het leerders nie te swak gevrees nie, want al die antwoorde is in die teks self, behalwe miskien 3.2 wat interpretasie is.

QUESTION 4

Opsomming: van goed tot baie swak. Kandidate het punte verloor vir onvoltooide sinne, wat beteken onvoltooide feite. Party van hulle het ook meer as die toegelate aantal woorde gebruik. Hulle moet leer om korter sinne te skryf wat sin maak! Laat hulle die opsomming puntsgewys of met *bullets* skryf – nie in ‘n paragraaf nie.

QUESTION 5

Woordstrukture: Hierdie vraag is redelik beantwoord. By 10/23 vrae moes hulle net die korrekte antwoord kies. Probleemareas: verkleinwoorde, voornaamwoorde, infinitief, een woord vir baie, antonieme.

QUESTION 6

Sinstrukture: Hier het leerders uiters swak gevaaar. Dit wil byna voorkom asof van die mees basiese sinstrukture glad nie onderrig en ingeoefen word nie. Leerders ken waarskynlik ook nie die nodige terminologie nie. Hulle het met alles gesukkel.

QUESTION 7

Redigering: Ook hier het hulle baie swak gedoen. Nie net sien hulle nie die foute raak nie; hulle maak selfs meer foute. Daar is 'n voorstel dat die foute dalk aangedui behoort te word, ten einde hulle in die regte rigting te lei.

QUESTION 8

Kritiese taalbewustheid: swak beantwoord. Hulle verstaan nie wat "gratis" beteken nie. Hierdie is 'n vaardigheid wat deur gereeld oefening geslyp moet word.

QUESTION 9

Kommunikasie: uiters swak beantwoord. Dis ook iets wat gereeld ingeoefen moet word. Party van die kandidate kon 9.3 korrek beantwoord.

QUESTION 10,11 en 12 oor die kortverhale uit *Kinders van die aarde*

Die feit dat baie kandidate nie eens die name van die hoofkarakters geken het nie, laat my wonder of hierdie kortverhale enigsins bestudeer is. Baie van die kandidate het geen vraag in Afdeling D beantwoord nie. Hulle het nie eens 'n poging aangewend nie. Ander het net by die veelkeusige vrae geraai. Daar was heelwat veelkeusige vrae en ook invulvrae, waar die moontlikhede selfs gegee is. Nogtans het kandidate hier so swak gevaaar.

7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS IN HELPING THE LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVEL.

1. n Daadwerklike en gesamentlike poging deur alle betrokke partye om leerders aan te moedig om te **LEES!** (*Hoe het Madiba nou weer gesê? 'n Nasie wat lees, is 'n WEN-nasie!*)
2. Gebruik 'n **verskeidenheid tekste** in jou onderrig. Baie onderwysers steek steeds vas by lang, geskrewe tekste. Jy MOET visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid onderrig en dit MOET gereeld geassesseer word.
3. Die maak van **opsommings** is 'n lewensvaardigheid. Onderrig eers die stappe en gee dan soveel as moontlik oefening daarin. Aangesien leerders nie meer hul eie woorde/sinne hoef te gebruik nie, kan hulle goeie punte hier behaal. Dit gaan egter oor veel meer as net die punte. Dis 'n vaardigheid wat tot buite die grense van die taalklaskamer strek. Leer hulle om volsinne te skryf en by die vereiste aantal woorde te hou.
4. **Onderrig eers die verskillende taalaspekte** en laat leerders dit dan op 'n gereelde basis **inoefen**. Die NKV gee lang "lyste" van al die taalaspekte wat onderrig behoort te word. (*Niks het regtig hier verander nie!*)
5. Leerders MOET die nodige **terminologie** ken; alles wat in die NKV is. Dis miskien waarom baie van hulle met Vraag 5 en 6 gesukkel het.
6. Leer jou leerders om **instruksies** te volg. As die vraag lui dat hulle EEN woord moet skryf/aanhaal, moet hulle EEN woord skryf/aanhaal! Hulle gaan nie punte kry vir meer as dit nie. As hulle moet aanhaal, móét die aanhalingstekens daar wees. (*Tydens die onlangse MEMO-besprekings in Pretoria is dit baie duidelik gemaak dat ons voortaan strenger hiermee gaan wees, want dis eintlik deel van die hele opvoedingsproseses dat leerders moet leer om instruksies te volg*).
7. Lei leerders om seker te maak hulle **verstaan WAT die vraag vra**. Hulle moet die kern van die vraag uithaal, en dan seker maak daardie **kern word in hulle antwoord vasgevang!**

SIGNATURE OF EXAMINER/MODERATOR: _____



SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING
Quest for Excellence through high powered performance